

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 21: Ki Tisa (כי תשא): Oplig

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “As jy die volle getal van die kinders van Yisra’el opneem om hulle te tel, moet elke man loskoopgeld vir sy lewe aan יהוה gee wanneer hulle getel word sodat daar geen plaag onder hulle sal wees wanneer hulle getel word nie. Ex. 30:11 en 12 – PWL Vertaling¹

Torah: Exodus 30:11 tot 34:35

- ❖ Inleiding
- ❖ Ex. 30:15 – ‘n Versoeningsoffer
- ❖ Ex. 30:17 tot 19 – Die Wassing deur die Woord.
- ❖ Ex. 31:12 tot 17 – Shabbat as Verbondsteken
- ❖ Ex. 32:1 tot 5 – Die Goue Kalwers van Geloof.
- ❖ Ex. 34:29 tot 35 – Moses se Sluier

Haftorah: 1 Kon. 18:1 tot 39 – Hinkend op Twee Gedegates

B’rit Chadashah: Hand. 7:39 tot 42; Hand. 17:29 tot 31; 1 Kor. 6:9 tot 11; 1 Kor. 10:1 tot 13; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; Heb. 3:1 tot 6; Heb. 4:9

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

*I can't change the direction of the wind, but I can adjust my sails to reach my destination –
Jimmy Dean*

We fear men so much because we fear God so little. One fear cures another – William Gurnall.

Jy skryf toets (eksamen) om uit te vind wat jy weet (wat jy geleer het). 'n Toets (Eksamen) is nie die plek waar (wanneer) jy leer nie. 'n Toets (Eksamen) vertel jou wat jy geleer het en al wat 'n toets jou leer is hoeveel jy geleer het!!

Midrash (Torah Bespreking)

Inleiding

Op geen ander plek as in die tabernakel, en later in die tempel, was die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH tot so 'n groot mate aanwesig dat die Jode tot vandag treur oor die vernietiging van die tempel, met ander woorde oor YHVH se Teenwoordigheid wat van hulle af wegeneem is.

Miskien sou ons almal beter verstaan het wat dit beteken dat ons die tempel van die Afgesonderde Gees is (1 Kor. 3:16 en 6:19), indien daar nog 'n tempel in Jerusalem was. Dan was daar 'n standaard (skietlood) om onself teen die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH te meet. Waarskynlik sou ons almal dan ook beseft het dat dit nie genoeg is dat ons liggame die tempel van die Afgesonderde Gees is nie, want YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid kan nie tot dieselfde mate in ons woon as wat dit in die tabernakel teenwoordig was nie. Ja, YHVH se Teenwoordigheid is sigbaar in Sy skepping en in Sy kinders. Die skepping verheerlik YHVH se Teenwoordigheid en elke mens het die potensiaal om YHVH se Teenwoordigheid te huisves – alhoewel tot 'n beperkte mate. Daarom moet ons verlanke ook soos die van die Jode wees, naamlik na die herboorde tempel van die Millennium waar YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid weer in alle volheid sal wees!

Camie Davis skryf die volgende in haar artikel *Renegade Hearts*:

What this world needs is such a high dose of His Presence that mankind will literally stop everything. We will stop our stupefied mode of existence. We will stop living merely by our physical senses and begin living like who and what we really are; soul and spirit. We will be like blind men who suddenly see. We will be like crazed men who are suddenly sane. We will be like the people we were always meant to be, before. Before we got caught up in the myth of thinking we were really living without His Presence living with us.

Baie min in die Christendom beseft dat daar weer 'n tempel met priesters en offerandes gaan wees. Die profeet Esegïel het dit geprofeteer. Esegïel hoofstukke 44 tot 48 beskryf die tempel in die Millennium. Dit sal so wees, want dit moet so wees!! Huidig beseft ons nie werklik wat ons mis nie!!

Maar uiteindelik in die Nuwe Jerusalem sal YHVH Yeshua self die tempel wees.

Die twaalf poorte was twaalf pèrels; elkeen van die poorte is gemaak uit een pèrel en die straat van die stad is suiwer goud, asof daar glas in is en ek het nie die tempel daarin gesien nie, want יהוה -God, wat alles vashou, is sy tempel. Vir die stad en die Lam is die son of die maan nie nodig om te skyn nie, want die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God verlig dit en die Lam is sy lamp en die nasies leef in Sy lig en die konings van die aarde bring eer, lof en aanbidding aan die stad. Sy poorte sal nooit bedags gesluit word nie, want daar sal nie nag wees nie. Hulle sal die eer, lof en aanbidding van die nasies vir die stad bring en daar sal geen onreine, of iemand wat besoedel is en leuens vertel, ingaan nie maar net dié wat geskrywe is in die boekrol van die Lam. Open. 21:21 tot 27 – PWL Vertaling)

Bepeins of Bespreek

1. Kan dit wat hedendaags beskryf word as die salwing van die Afgesonderde Gees en as die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van YHVH hoegenaamd vergelyk word met dit wat die priesters in die tabernakel en tempel ervaar het? Is ons hedendaagse ‘heerlikheidservaring’ nie meestal ‘n nabootsing (vervalsing) van ‘n ware tabernakel-ervaring nie? Word mense nie dikwels mislei deur manifestasies soos lag-in-die-gees, val-in-die-gees, diere-geluide en beswymings met die salwing van die Gees en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van YHVH te verbind nie?
2. Is dit vir jou ‘n hartseer gemis dat daar nie meer ‘n tempel in Jerusalem is nie? Is daar iets wat ons as deel van Israel kan doen om die herbou van die ware tempel te bespoedig?

Ex. 30:15 – ‘n Versoeningsoffer

Die ryke moenie meer en die arme moenie minder as ‘n halvesikkel gee, wanneer hulle die bydrae, om vir julle siele versoening te doen, aan יהוה gee, nie. (PWL Vertaling)

Indien die inleidende gedeelte, naamlik Ex. 30:11 tot 16, van hierdie week se parashah gelees word, kan dit die indruk laat dat ons verlossing gekoop kan word. Ons weet egter dit is nie waar nie, want redding is alleenlik deur geloof (vertroue) in Yeshua as die gekruisigde Messias tot vergifnis van sonde. Hierdie feit is reeds in die ou verbond gevestig, want Israel is ook gered deur geloof in die geslagde lam en deur die bloed aan die deurkossyne! Hierdie eerste Pesag in Egipte was ‘n heenwysing na Yeshua die Lam van YHVH. Israel het dus by die berg Sinai aangekom as gered deur geloof.

Nou ontvang elkeen die opdrag om ‘n bydrae van ‘n halvesikkel silwer aan YHVH te gee as losgeld vir sy lewe (siel). Hierdie bydrae van ‘n halvesikkel silwer dien dus ‘n ander doel wat vir ons geestelike betekenis inhou.

Eerstens is dit belangrik om Ex. 30:12 in die oorspronklike Hebreeus te lees, naamlik: *ki tisa ET rosh beney Yisrael...*” Let op die woord *et* wat *aleph, tav* gespel word. Die eerste keer waar ons hierdie woord *et* vind, is in Gen. 1:1 wat in Hebreeus lees: *B’reisheet bara Elohim ET HaShamayim v’ET HaEretz*, en vertaal word as: *In die begin het God die hemele en die aarde geskape*. Die woord *et* kom twee keer voor in hierdie teksvers, maar nie in die vertaling daarvan nie en word ook nie in die meer as 7000 keer wat dit in ander teksverse in die Tanakh (ou testament) voorkom, vertaal nie. Die rede is dat daar in geen ander taal ‘n soortgelyke

woord bestaan vir die Hebreuse *et (aleph-tav)* nie, en tog het dit 'n uiters belangrike betekenis. Dit kan soos volg verduidelik word:

Aleph is die eerste letter van die Hebreuse *alephbet* (alfabet) en *Tav* die laaste letter. Daarom lees ons van *die eerste en die laaste, die begin en die einde, die alfa en die omega* (volgens die Griekse alfabet) in Open. 1:8 en 11; Open. 21:6 en Open. 22:13. Die woord *et* verwys dus na Yeshua Messias wat die *aleph-tav* (die Alfa en die Omega) is – die begin en die einde. Indien ons nou teruggaan na Ex. 30:12 (*ki tisa ET rosh beney Yisrael...*) dan sien ons Yeshua 'verskuil' in hierdie teksvers.

Tweedens moet ons ook die Hebreuse betekenis van die woord *opneem (nasah)* in Ex. 30:12 verstaan – *As jy die volle getal van die kinders van Yisra'el opneem. Nasah (נָסָה)* beteken om op te lig en te verhef.

Nou kan ons sien wie inderwaarheid opgelig (verhef) was wanneer elke Israeliet van twintig jaar en ouer 'n halfsikkel silwer bydra!! Ja, die bedoeling van die bydrae is om Yeshua Messias te verhef!!

En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word... Joh. 3:14.

Die bydrae wat elkeen gelewer het was die bewys van geloof in die reddende genade van YHVH, want silwer is die simbool van vergifnis deur die bloed. Bevestiging hiervan vind ons in die silwer voetstukke waarin die style van die tabernakel geplant was (Eks. 36:20 tot 34). Die fondament van ons redding (verlossing) is die kosbare bloed van Yeshua (1 Pet. 1:18 en 19) en daarom is 'n halfsikkel silwer 'n gepaste persoonlike bydrae as getuienis en bevestiging van redding.

Die bydrae van 'n halfsikkel silwer het egter ook die betekenis dat dit die losprys van persoonlike bereidwilligheid was om ook die siel (wil, denke en emosie) aan YHVH toe te wy. Die halfsikkel silwer is die mens se helfte van die losprys om sy sielsrealms ook aan YHVH as Sy 'eiendom' te gee. Dit kan vergelyk word met die sterwe van die eie-ek (selfisme). Onthou: Die losprys waarmee ons gekoop is, is die kosbare bloed van Yeshua. YHVH het dus reeds sy helfte betaal en nou betaal die mens sy helfte deur selfisme te kruisig.

Derdens lees ons dat die halfsikkel silwer bestee moes word aan die bediening van die tent van samekoms (tabernakel) sodat dit die kinders van Israel in gedagtenis kan bring voor die aangesig van YHVH (Ex. 30:16). Die offer van 'n halfsikkel silwer het gedien as gedenkteken voor Vader-God om versoening te doen vir die siele (lewens) van Israel.

Vat die versoeningsgeld van die kinders van Yisra'el en gee dit vir die dienswerk van die Tent van Ontmoeting, dat dit die kinders van Yisra'el tot herinnering kan bring voor die Teenwoordigheid van יהוה, om vir julle lewens versoening te doen.

Die Hebreuse om *iets in gedagtenis te bring* is *zikron* (Strong's H2146) en beteken ondermeer *gedenkteken*. Die halfsikkel silwer het dus gedien as 'n gedenkteken voor YHVH se aangesig. Dit was 'n gedenkteken van die reddende genade van YHVH van die verlede, maar ook 'n gedenkteken van die toekomstige reddende genade deur Yeshua.

Bepeins of Bespreek

1. Ex. 30:15 is die bevestiging dat ons almal op gelyke voet staan in terme van ons verhouding met YHVH. Verwys ook na Rom. 3:22 en 10:12 – daar is geen onderskeid tussen gelowiges nie. Die ryke en die arme het ewe groot nood aan YHVH se reddende genade in Yeshua!
2. Met verwysing na Ex. 30:16 kan ons ook vra of elkeen by wyse van die halfsikkel silwer ‘n bydrae gemaak het tot versoening tussen YHVH en Israel en dus van vergifnis van sonde? Is hierdie offergawe dan nie aangewend vir die bediening van die die tabernakel nie? Is dit nie hoe ons die gee van ons tiendes moet sien nie? Maak ons nie deur die gee van ons tiendes en liefdesoffers ‘n bydrae dat ander ook die reddende genade van YHVH Yeshua deelagtig kan word nie? Daar is nie meer ‘n tempel nie, daarom is die vraag: Het die denominasie (gemeente) waar jy lidmaat is nou die tempel vervang? Is die aanwending van tiendes en offerandes vir salarisse, aankoop van oudio-visuele toerusting, bou van kerkgeboue, ensovoorts die wyse wat YHVH se koninkryk uitgebrei word?

Ex. 30:17 tot 19 – Die Wassing deur die Woord.

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “Jy moet ook ‘n kom van koper, met sy voetstuk van koper, maak om mee te was. Jy moet dit tussen die Tent van Ontmoeting en die altaar sit en water daarin gooi sodat Aharon en sy seuns hulle hande en hulle voete daaruit kan was (PWL Vertaling)

Die instruksies aangaande die koperwaskom, ook genoem die bronswaskom, word in Eks. 30:17 tot 21 en Eks. 38:8 beskryf. Dit is gemaak uit die spieëls van die diensdoende vroue wat by die ingang van die tent van samekoms gedien het (Ex. 38:8). Die spieëls in daardie tyd was blink gepoleerde koper (brons) en die vroue moes dus hierdie kosbare besitting opoffer. Die waskom was op ‘n kopervoetstuk gemonteer en was gereeld met skoon water gevul.

In die voorhof van die Tabernakel was die brandofferaltaar en die koperwaskom. Die brandofferaltaar was by die ingang van die voorhof en die koperwaskom was voor die ingang na die Afgesonderde van die tent.

By die brandofferaltaar het die onskuldige in die plek van die skuldige gesterf. Die brandofferaltaar was dus die plek van sondevergifnis en versoening met YHVH. Die bloed van die offerdier was die bewys van vergifnis en versoening. Dit is dus duidelik dat die brandofferaltaar ‘n sinnebeeld is van die gekruisigde Messias, die Offerlam van YHVH tot sonde vergifnis en versoening tussen YHVH en die mens. Die brandofferaltaar simboliseer dus wedergeboorte en dus die plek waar elkeen geregverdig verklaar word op grond van geloof in die verlossingswerk van Yeshua Messias aan die kruis. (Rom. 10:9 en 10; 1 Joh. 1:9; 2 Kor. 5:21). Die brandofferaltaar is dus ‘n sinnebeeld van wedergeboorte en die beginpunt van ‘n leefwyse as ‘n geregverdigde in Yeshua Messias.

Die priesters van die ou verbond was almal die nageslag van Aäron en was dus op grond van geboorte gekies tot die piesterorde. Net so word ons onder die hernieuwe verbond deur

wedergeboorte priesters – ‘n konklike priesterdom (1 Pet. 2:9) – en moet ons dienswerk in die tabernakel (YHVH se Koninkryk) verrig.

MAAR daar is ‘n verdere, en baie belangrike, voorvereiste om aan te voldoen alvorens enige priesterlike dienswerk verrig kan word. Hierdie voorvereiste word deur die koperwaskom uitgebeeld. Soos reeds genoem is die kruis (brandofferaltaar) die plek waar elkeen wat glo en bely dat Yeshua die Lam van God is, regverdig verklaar word (2 Kor. 5:21) en deur die Afgesonderde Gees as God se eiendom verseël word (Ef. 1:13 en 4:30). Die koperwaskom is egter die sinnebeeld van die reiniging en afsondering (heiligmaking) van die priesters wat volg op wedergeboorte. Dit is simbolies van die vernuwing van die gemoed.

Wanneer hulle ingaan in die tent van ontmoeting, of as hulle naby die altaar kom, om te bedien, om ‘n offer te brand en in rook te laat opgaan tot יהוה, moet hulle met water was sodat hulle nie sterf nie. So moet hulle hul hande en voete was sodat hulle nie sterf nie en dit sal vir hulle ‘n ewige instelling wees, vir hom en vir sy nageslag in hulle geslagte.” Ex. 30:21 en 22 – PWL Vertaling.

En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is. Rom. 12:2.

Daarom, bind die heupe van julle verstand vas, wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een, soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie, maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is, omdat daar geskrywe is: “Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is.” 1 Pet. 1:13 tot 16 – PWL Vertaling.

Na wedergeboorte moet ons van alle ongeregthede gereinig word. Die Geregverdigde Een, Yeshua Messias (Joh. 5:17), wat ons geroep het tot afgesonderde gemeenskap met Homself, sal ons nou reinig van alle ongeregtheid wat strydig is met Sy aard en hoedanighede en wat afgesonderde gemeenskap met YHVH Yeshua onmoontlik maak. Ongeregtheid is sonde (1 Joh. 5:17) en is elke oortreding van die onderrig en instruksies van dit wat rein, afgesonderd en reg is. Hiervan moet ons gereinig word en kan gesien word as die ontsondigingsproses!!

Yeshua is die Lewende Torah (Joh. 1:1 en 2) wat ons leer wat sonde is, naamlik om te kan onderskei tussen rein en onrein en tussen wat afgesonder (heilig) en nie afgesonder (onheilig) is en tussen wat reg en verkeerd is. Ons gees, siel en liggaam moet dus as te ware deur Torah (die onderrig en instruksies van YHVH) gewas word. Dit is ‘n daaglikse proses. Paulus vergelyk hierdie reinigingsproses met ‘n wassing deur die woord (Ef. 5:26).

Die feit dat die koperwaskom van speëls gemaak was, is simbolies van Torah wat YHVH se speël is. Ons kyk daaglik in Torah en sien ons soos ons werklik lyk.

Wedergeboorte kan ook vergelyk word met die wassing (onderdompeling, *mikveh*) van die priesters tydens hul wyding om die amp te mag bedien (Ex. 29:4; Lev. 8:6). By die

brandofferaltaar is die priesters, en dus ook ons, eenmalig geregverdig verklaar op grond van die offerande en die bloed van die offerande. Dit is die bad van die wedergeboorte (Titus 3:5) en waarvan die doop 'n getuienis is.

Laat ons nader gaan met 'n opregte verstand, wil en emosie in sekerheid van vertroue, terwyl ons verstand, wil en emosie besprenkel is en gereinig is van 'n bose gewete en ons liggaam gewas is met skoon water. Heb. 10:22 – PWL Vertaling

Tydens die priester se ampstermyn was 'n verdere *mikveh* om as priester diens te mag doen nie nodig nie, maar wel 'n daaglikse wassing van hande en voete alvorens daar met dienswerk begin mag word. Indien hulle sou nalaat om dit te doen sou hulle sterwe (Eks. 30:21). Hierdie daaglikse wassing van hande en voete simboliseer die reiniging van ongeregtighede. Dit is 'n sinnebeeld van ons swakhede en die daaglikse besoedeling met die ongeregtighede van die wêreld wat ons ongeskik maak vir dienswerk. As wedergebore kinders van God is ons steeds in hierdie wêreld, hoewel nie deel daarvan nie. Ons word daaglik op verskillende wyses besoedel en moet derhalwe gereelde reiniging ondergaan. Ons is pelgrims wat oppad is na die Beloofde Land wat reeds vir ons voorberei is, maar ons het steeds daaglikse reiniging nodig. Daarom moet ons daaglik ons hande (ons optrede) en ons voete (ons wandel) reinig sodat ons as afgesonderde priesterschap geskik vir dienswerk kan wees.

Bevestiging hiervan vind ons toe Yeshua die voete van sy dissipels gewas het (Joh. 13:1 tot 10) en hy vir Petrus gesê het: *Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om sy voete te was nie, want hy is reeds volkome skoon en julle is heeltemal skoon....* (Joh. 13:10).

Tydens die wydingeremonie is van die bloed van een van die twee ramme aan die regteroor, regter duim en regter groottoon van elke priester gesmeer (Eks, 29:20). Dit was simbolies van die gewilligheid van elke priester om te hoor wat YHWH sê en dit te doen wat YHWH beveel en om daaglik in gehoorsaamheid aan Torah te wandel. YHWH vereis ook vandag hierdie gewilligheid van sy koninklike priesterschap. Maar daar waar ons weens swakhede struikel of nog uit onkunde sondig, is daar die wassing deur die woord en vergifnis.

Torah leer ons om te kan onderskei wanneer ons hande (gedagtes en woorde) en ons voete (ons optrede) 'n wassing nodig het. Dit is die wassing deur die onderrig en instruksies van YHWH se Woord.

Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. 2Tim. 3:16 en 17.

Geen afmetings vir die koperwaskom word gegee nie, terwyl die presiese afmetings en detail van die brandofferaltaar, tafel met toonbrode, reukofferaltaar, goue kandelaar en verbondsark gegee word. Die geestelike betekenis hiervan is dat die gebruik van die koperwaskom onbeperk was. So dikwels as wat die priester dit nodig gehad het, het hy sy hande en voete gewas. Elkeen het onbeperkte toegang tot YHWH se Torah. Wassing deur die Woord (Torah) kan gedoen word so dikwels as wat nodig is.

Dan sal יהוה, jou God, jou oorvloediglik voorspoedig maak in al die werk van jou hand, in die nakomeling van jou liggaam, in die nakomeling van jou vee en in die lewering van jou grond, want יהוה sal weer ten goede oor jou bly wees soos Hy bly was oor jou vaders, as jy gehoorsaam is aan יהוה, jou God, om al Sy opdragte en reëls na te kom wat in hierdie boek van die wet geskryf is; as jy na יהוה, jou God, toe draai met jou hele verstand, wil en emosie en met jou hele gees, want hierdie opdrag wat ek jou vandag beveel, is nie vir jou te swaar nie en is nie buite bereik nie. Dit is nie in die hemel sodat jy moet sê: ‘Wie sal vir ons na die hemel toe opgaan en dit vir ons gaan kry en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen?’ nie. Dit is ook nie oorkant die see sodat jy moet sê: ‘Wie sal vir ons na die oorkant van die see gaan en dit vir ons gaan kry en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen?’ nie, maar die woord is baie naby aan jou, in jou mond en in jou verstand, dat jy dit kan doen. Deut. 30:9 tot 14 – PWL Vertaling.

Die waarskuwing aan die priesters was dat indien hulle nie telkens hierdie wassing ondergaan nie, sou hulle sterwe. Dit geld ook vir ons vandag, naamlik ons moet gereinig word deur Torah deur dit te hoor en te doen. Wedergeboorte alleen is nie goed genoeg nie! Indien ons nie Torah hoor en dit nougeset toepas nie, sal ons nie geskik wees om as priesters diens te doen in YHVH se Koninkryk nie en sal ons ook (geestelik) sterwe.

Wees ‘n doener van die boodskap en nie net ‘n hoorder wat jouself mislei nie, want as iemand ‘n hoorder van die boodskap is en nie ‘n doener nie, is hy soos ‘n man wat sy gesig in ‘n spieël sien, want hy sien homself en gaan weg en vergeet hoe hy gelyk het, maar elkeen wat diep insien in die volmaakte wet van vryheid en daarin volhard, omdat hy nie ‘n vergeetagtige hoorder is nie, maar ‘n doener van die daad, sal geseënd wees in wat hy doen. Jak. 1:22 tot 25 – PWL Vertaling

Bepeins of Bespreek

1. Het die feit dat die vroue hulle spieëls moes gee om die koperwaskom van te maak enige geestelike betekenis? Kan ‘n vrou sonder ‘n spieël klaarkom (tong in die kies gesê)? `n Spieël is daar vir die verheerliking van die vlees. YHVH se spieël, Sy Torah, is daar vir die verheerliking van die gees. Soos die vroue wat by die ingang van die tabernakel diens gedoen het hulle spieëls opgeoffer het vir die bou van die bronswaskom, so met elkeen die dinge van die vlees opoffer om YHVH se spieël te word.
2. Deur die bloed van Yeshua word ons geregverdig, maar deur die Torah van YHVH word ons gereinig. Dit moet ‘n innerlike verandering wees wat uiterlik sigbaar word. Dit is die verwydering van die hart van klip (Eseg. 11:19 en 36:26).
3. Daar was geen stoele in die tabernakel nie. Dit is `n afbeelding van die voortdurende dienswerk waarmee elke priester besig moet wees. Elkeen moet voortdurend waaksaam en gereed wees, sodat wanneer ons Ewige Hoëpriester kom Hy ons besig sal vind met dienswerk in Sy koninkryk. Verwys Luk. 12:35 tot 48, die gelykenis van die waaksame dienskneg. Let veral op vers 47 – *En daardie dienskneg wat die wil van sy Meester geken het en nie klaargemaak of volgens sy wil gedoen het nie, sal met baie slaie geslaan word.*

4. *Worldliness is what any particular culture does to make sin look normal and righteousness look strange* – David Wells. Humanisme is die mens se besluit van wat reg en van wat verkeerd is.

Ex. 31:12 tot 17 – Shabbat as Verbondsteken

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: “Jy egter, moet met die kinders van Yisra’el praat en sê: ‘Julle moet sekerlik My Shabbatte hou, want dit is ‘n teken tussen My en julle regdeur julle geslagte sodat julle kan weet dat Ek יהוה is wat julle afsonder. Ex. 31:12 en 13 – PWL Vertaling*

In Ex. 31:16 sê YHVH aan Moses dat die shabbat ‘n ewige verbond is wat in alle geslagte onderhou moet word. Shabbat is dus ‘n teken en ‘n verbond.

Shabbat staan sentraal tot elkeen se geestelike welstand. Dit is die anker van elkeen wat glo in die God van Abraham, Isak en Jakob! Om die shabbat te onderhou (*sh’mar* - שמר) is om te hoor en te doen asof jou lewe daarvan afhang en om daarvoor die wag te hou soos iets wat baie kosbaar is.

Die tabernakel is ‘n afgesonderde plek (heiligdom) in ruimte en shabbat ‘n afgesonderde plek in tyd. Soos Asher Ginzberg dit verduidelik: *More than the Jewish people have kept the Sabbath, the Sabbath has kept the Jewish people.* Ons behoud is om die shabbat te gedenk en dit af te sonder. Shabbat is ‘n duidelike teken en bewys van ons gehoorsaamheid aan Vader-God en van ons liefde vir Hom.

Ons Skriftestudie oor die Sahabbat kan afgelaai word by <http://nuwelied.info/?cat=11>

Bepeins of Bespreek

1. Kan ons deel van Israel, met ander woorde die ingeplante wilde olyftak volgens Romeine hoofstuk 11 wees, sonder om Shabbat te gedenk en dit af te sonder?
2. Die teken van die verbond met Abraham is die besnydenis, en die teken van die verbond van die Torah (verbond van Sinai) is die shabbat. Wat is die teken van die hernieuwe verbond? Die bloed van Yeshua? Die Afgesonderde Gees – die onderpand van ons geloof (2 Kor. 1:22 en 5:5; Efes. 1:14)?

Ex. 32:1 tot 5 – Die Goue Kalwers van Geloof

Toe die volk sien dat Moshe lank vat om van die berg af te kom, het die volk by Aharon bymekaargekom en vir hom gesê: “Staan op, maak vir ons gode wat voor ons uit sal gaan, want hierdie Moshe, die man wat ons uit die land van Egipte uitgebring het, ons weet nie wat van hom geword het nie.” Aharon sê vir hulle: “Ruk die goue ringe af wat aan die ore van julle vroue, julle seuns en julle dogters is en bring dit vir my.” Die hele volk het die goue ringe, wat aan hulle ore was, afgeruk en dit na Aharon gebring. Hy het dit uit hulle hand gevat en dit met ‘n beitel bewerk totdat hy daarvan ‘n gegote kalf gemaak het. Hulle het gesê: “Dit is jou god, o

Yisra'el, wat jou uit die land van Egipte laat optrek het.” Toe Aharon dit sien, het hy ‘n altaar voor dit gebou en Aharon het uitgeroep en gesê: “*Môre is ‘n fees tot eer van יהוה.*” Ex. 32:1 tot 5 PWL Vertaling

Dit is feitlik ondenkbaar dat Israel wat pas deur die kragtige hand van YHVH uit Egipte gelei was; wat droogvoets deur die rooisee getrek het; wat die vernietiging van die magtige Egiptiese weermag aanskou het; wat die bonatuurlike voorsiening van water en manna evaar het; wat die Sinai ervaring beleef het en wat dag en nag die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH in die wolk- en vuurkolom ervaar het, vir Aäron gevra het om vir hulle ‘n afgodsbeeld *te maak wat voor hulle uittrek!!* (Ex. 32:1). En tog is dit wat gebeur het!!

Aäron het gehoor gegee aan Israel se versoek. Hy het vir Israel ‘n kalfgod soortgelyk as die van Egipte gemaak, asook ‘n altaar voor die beeld gebou en gesê: *Môre is daar fees tot eer van YHVH.* So het hulle dan die volgende dag brandoffers en drankoffers goffer en feesgevier.

Het Israel werklik geglo dat hierdie afgod die ware Almagtige Skeppergod is? Het Israel vir YHVH totaal verwerp deur ‘n afgod te bou en te aanbid? Die antwoord op beide hierdie vrae is ‘Nee’. Israel het bloot geglo dat hierdie kalfgod YHVH verteenwoordig. Hulle het nie werklik geglo dat die kalfgod YHVH is nie, maar dat hulle YHVH wel deur middel van die kalfgod kon aanbid. Hierdie afgod was vir Israel ‘n sigbare voorstelling (afbeelding) van YHVH. Hulle het geglo dat die hoedanighede van YHVH deur hierdie kalfgod verteenwoordig word. Israel was oortuig dat hierdie afgod YHVH hulle Verlosser van die Egiptiese slawejuk verteenwoordig. In die lig van die onsekerheid van wat van Moses geword het, het Israel ‘n afgod gemaak om voor hulle uit te trek na die Beloofde Land.

Hoewel Israel se bedoelings opreg was, het ‘n kalfgod egter die ware God van Abraham, Isak en Jakob vervang. Die ware ‘beeld’ van YHVH, naamlik Sy Karakter en Outoriteit, was vervang met ‘n goue beeld wat soos ‘n kalf gelyk het en wat die sintuie bevredig het. Israel het besluit hoe hulle YHVH sal aanbid en dien. Hulle het ‘n mensgemaakte verhouding met YHVH vir hulself uitgewerk. Mensgemaakte leerstellings het die onderrig van YHVH, wat Hy by Sinai aan hulle gegee het, vervang. En tog het hulle bly glo dat hulle die God van Abraham, Isak en Jakob dien.

Die vraag wat ons elkeen moet vra is: Het ek dalk ‘n goue kalf vir myself opgerig wat die plek van YHVH ingeneem het? Met goeie bedoelings kan ek hierdie afgod aanbid en ook ‘n ‘altaar’ (plek van aanbidding) bou en ‘n feesdag tot sy eer uitroep, terwyl ek egter met afgodery besig is. Soos Israel is ek op ‘n kragdadige wyse deur die kosbare bloed van Yeshua bevry van die slawejuk van sonde. Ek het ook die wonderwerkende krag van YHVH in my lewe ondervind, en ek het ook ‘n Sinai ontmoeting gehad toe ek met die Afgesonderde Gees (Heilige Gees) gevul is en YHVH Sy wet op die tafels van my hart geskryf het. YHVH het vir my die pad van geregtigheid in sy Torah (Sy onderrig en instruksies) uitgestippel en die dag toe ek wedergebore is, het ek ook soos Israel gesê: *Alles wat YHVH gespreek het sal ek doen* (Ex. 19:8; Ex. 24:3 en 7). Getuig my lewe hiervan of het ek soos Israel hiervan afgewyk?

En hulle het gou van die weg afgewyk wat Ek hulle beveel het. Hulle het vir hulle 'n gegote kalf gemaak en daarvoor neergebuig en daaraan geoffer en gesê: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het. Ex. 32:8

Volg ek my Redder se voorskrifte soos vervat in Torah of het ek gekies om soos Israel vir my 'n kalfgod te maak waar ek die reëls en standarde opstel?

Die kalfgod leef steeds! Ons maak 'n goue kalf elke keer wat ons enige van YHVH se karaktertrekke en hoedanighede ontken of dit vorm tot ons eie beeld wat ons van die Almagtige het. YHVH se karakter, outoriteit en hoedanighede word in die tien gebooue opgesom en in die Torah uiteengesit. Om een van sy karaktertrekke of hoedanighede te ontken (dit te minag) of dit te wysig, of om by YHVH se onderrig en instruksies (Torah) by te voeg of weg te neem, is om 'n goue kalf te maak. Dan dien ons nie meer YHVH nie, maar 'n afgod!! Ons kan nog glo ons dien YHVH in gehoorsaamheid, maar ons is mislei! Ons ywer vergoed nie vir ons ongehoorsaamheid nie.

Onthou: Goeie bedoelings is nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie. Israel se goeie bedoelings was nie regverdiging vir die goue kalf nie. Indien goeie bedoelings vir YHVH aanvaarbaar was, sou Hy dit vir ons gesê het. 'n Goue kalf getuig van hardnekkigheid wat rebellie teen YHVH se gesag is. Kain het ook probeer om YHVH op 'n mensgemaakte wyse te dien en te aanbid en hy het 'n duur prys daarvoor betaal (Gen. 4:1 tot 12). So ook het Nadab en Abihu *vreemde vuur voor die aangesig van YHVH gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie* en hulle het gesterwe (Lev. 10:1 en 2). Saul was sy koningskap kwyt omrede hy ongehoorsaam was aan YHVH se opdrag (1 Sam. 15:19 tot 23). Die woorde van Sameul spreek steeds tot ons vandag:

Het YHVH behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die YHVH? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens. 1 Sam. 15:22 en 23.

Ongehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies (Torah) is afgodery en beelddiens – dit is om 'n kalfgod op te rig en te aanbid. Dit is om jou eie geregtigheid op te rig (Rom. 10:2 en 3) en nie die geregtigheid van YHVH te soek nie (Matt. 6:33).

Let daarop dat Ex. 32:1 en 4 verwys na gode: *Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het.* Deur die eeue het gelowiges baie goue kalwers (afgode) opgerig. Daar is die kalfgod van kersfees; die kalfgod van *Easter*; die kalfgod van Sondagaanbidding; die kalfgod van kinderdoop; die kalfgod van eet wat jy wil en vele meer kalfgode. Alles mensgemaakte leerstellings en gebruike waarmee YHVH vereer wil word. Baie sal hiermee saamstem, maar steeds voortgaan met die aanbidding van 'n goue kalf. Onkunde en tradisie, met die gepaardgaande vrees vir verwerping is die binding wat maak dat mense voor 'n kalfgod buig. Is jy deel van hierdie aanbidding? Luister na die woorde van Elia:

En Elía het nader gekom na die hele volk en gesê: Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As YHVH God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na! Maar die volk het hom niks geantwoord nie. 1 Kon. 18:21.

Hink jy nog op twee gedagtes? Dink jy werklik jy kan YHVH en Baäl dien? Dink jy YHVH sal daarmee tevrede wees en jou goeie bedoelings raaksien en jou vergewe? Nee, YHVH duld geen ander gode in ons lewens nie (Ex. 20:3 tot 6)

As ons YHVH waarlik liefhet, sal ons Sy Torah (onderrig en instruksies) nougeset navolg (Joh. 14:15). Wanneer ons Sy Woord bewaar, naamlik dit hoor en toepas in ons lewe, dan beantwoord ons Sy liefde vir ons (1 Joh. 2:5). Dan sal ons seker maak dat daar geen goue kalf in ons lewe is nie. Dan sal ons terugkeer na ware aanbidding en gehoorsaamheid en sal ons seker maak dat ons nie net uit “Egipte” is nie, maar seker maak dat “Egipte” uit ons is.

Bepeins of Bespreek

1. Wil jy weet of jy ‘n kalfgod in jou lewe dien? Toets jouself aan die hand van die tien gebooue. Onderhou jy al tien? Is dit jou begeerte om aan al tien gehoorsaam te wees en YHVH se uiteensetting hiervan in Torah nougeset te volg al faal jy soms? Glo jy dat geloof in Yeshua as Messias jou nie onthef van gehoorsaamheid aan YHVH se wet (Sy Torah) nie? Indien jy **nie** met ‘n besliste “Ja” op hierdie vrae kan antwoord nie, aanbid jy ‘n goue kalf!! Dan dien jy nie die God wat jou uit Egipte (sonde) bevry het nie, maar ‘n goue kalf wat jy vir jouself opgerig het.
2. Is jy bereid om die kalfgod(e) in jou lewe te vernietig en die Vader in gees en waarheid te aanbid (Joh. 4:23)? YHVH is gees en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid (Joh. 4:24). Yeshua is die vleesgeworde Waarheid van YHVH en hierdie Waarheid kan nie deur enige mensgemaakte ‘kalfteologie’ vervang word nie!
3. *People do not believe lies because they have to, but because they want to!* – Malcolm Muggeridge

Ex. 34:29 tot 35 – Moses se Sluier

Toe Aharon en al die kinders van Yisra’el Moshe sien, het die vel van sy gesig geskyn en hulle was bang om naby hom te kom. Moshe het hulle geroep en Aharon en al die leiers van die vergadering het na hom toe teruggekom en Moshe het met hulle gepraat. Na dit het al die kinders van Yisra’el nader gekom en hy het hulle alles beveel wat יהוה met hom gepraat het op die berg Sinai. Toe Moshe klaar met hulle gepraat het, het hy ‘n sluier oor sy gesig gesit, maar wanneer Moshe voor יהוה ingegaan het om met Hom te praat, het hy die sluier afgehaal, totdat hy uitgaan. Hy het uitgegaan en vir die kinders van Yisra’el alles gesê wat hom beveel is.

Wanneer die kinders van Yisra’el die gesig van Moshe sien, dat die vel van Moshe se gesig skyn, dan trek Moshe weer die sluier oor sy gesig, totdat hy ingaan om met Hom te praat. Ex. 34:30 tot 34 – PWL Vertaling.

Bogenoemde gebeurtenis word deur Paulus in 2 Kor. 3:5 tot 18 as beeldspraak gebruik om ‘n baie belangrike geestelike waarheid te verduidelik. Daar bestaan egter baie verwarring oor wat Paulus hiermee bedoel het. Die Kerk gebruik hierdie graag as bewys dat gelowiges in Yeshua vry van die wet is, naamlik vry van Torah, en dat diegene wat dus glo dat YHVH se wet steeds

onderhou moet word, 'n bedekking oor hulle hart het (2 Kor. 3:15). Maar is dit werklik wat Paulus ons hier wil leer? Leer Paulus ons dat YHVH se wet (Torah) opgehef is en dat gelowiges wat nog gehoorsaam aan Torah lewe mislei is? Nee, Paulus leer ons dat die heerlijkheid van die vergifnis van sonde in Yeshua groter is as die heerlijkheid van die Torah.

In sy brief aan die Korinthiërs (2 Kor. 3:5 tot 18) vergelyk Paulus dan die bediening van die wet met die bediening van die Gees. Hy open sy vergelyking van die twee bedieninge met die woorde: *En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlijkheid was,.... hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlijkheid wees nie* (verse 7 en 8). Paulus verduidelik dat die wet (letters op klip) ooreenkom met die bediening van die dood omrede YHVH se wet die mens aankla, skuldig bevind en vonnis. Daarom is die loon van die sonde die dood (Rom. 6:23). Die probleem is dus nie die wet nie, maar wel die mens wat nie die wet kon onderhou nie.

Paulus sê egter dat hierdie wet het wel met heerlijkheid gekom *sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlijkheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan* (vers 7). Hierdie heerlijkheid (*doxa* in Grieks) is die majesteit (prag, glans en grootsheid) van YHVH en van dit wat aan Hom behoort as die Koninklike Opperheerser en wat spreek van die absolute volmaaktheid van die Godheid (Thayer's Greek Definitions; G1391). Die wet, naamlik Torah, is dus deel van die heerlijkheid (*doxa*) van YHVH en Yeshua Messias. Paulus bevestig dus dat die wet, naamlik die Torah wat YHVH se onderrig en instruksies is, die heerlijkheid, majesteit en volmaaktheid van YHVH is. Hierdie heerlijkheid (prag, glans en grootsheid) was sigbaar op die gesig van Moses tot so 'n mate dat hy sy gesig moes bedek.

Paulus sê egter dat hierdie heerlijkheid uiteindelik *tog moes vergaan*. Waarom? Dit moes plek maak vir 'n groter en blywende heerlijkheid. Wat is hierdie heerlijkheid wat groter is as die wet (as Torah)? Dit is Yeshua Messias – die genade van YHVH en die Torah wat vlees geword het (Joh. 1:1 tot 3 en 14). Daarom skryf Paulus dat as die bediening van die dood (die wet, die Torah) met soveel heerlijkheid gekom het *hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlijkheid wees nie? Want as die bediening wat veroordeel, heerlijkheid was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlijkheid* (vers 9). Let wel: Dit is die heerlijkheid van die Torah wat verdwyn het en **nie die Torah wat verdwyn het nie!!**

Torah se heerlijkheid word nou oorskadu deur die heerlijkheid van Yeshua, maar dit beteken nie dat die wet opgehef is nie!! Lees ons artikel oor *Die Sluier van Moses* wat by <http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2013/03/GB2.Feb13MosesSluier1.pdf> afgelaai kan word.

Bepeins of Bespreek

1. Waarom het Moses sy gesig bedek wanneer hy met die volk gepraat het? Wou Moses die mense beskerm deur die sluier op te sit? Beskerm teen wat? Hulle eie ongeloof, teleurstelling, vrees as hulle die heerlijkheid sien verdwyn? Het hy 'n verheerlikte liggaam begin kry as gevolg van die teenwoordigheid van die Vader? Onthou: Die sluier was tussen Moses en die mense en nie tussen Moses en God nie.

2. Paulus waarsku dat daar diegene is wie se sinne verhard is, naamlik hulle gedagtes is nie deur die waarheid vernuwe nie. Wanneer hulle dus die wet (Torah) lees, sien hulle steeds net die verbygaande heerlikheid van die wet, naamlik die bediening van die dood, en nie die als oortreffende heerlikheid van die bediening van die lewe, naamlik die genade in Yeshua Messias wat hulle vryspreek van die skuld van die wet nie. Daar lê dus 'n bedekking oor hulle hart, want hulle sien slegs YHVH se wet (Torah) sonder om Yeshua in Torah te sien. Hulle sien slegs die letter van die wet en nie die Gees wat lewe gee nie. Verwys Joh. 5:45 tot 47.

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

1 Kon. 18:1 tot 39 – Hinkend op Twee Gedagtes

Eliyahu het nadergekom na al die mense en gesê: “Hoe lank sal julle aarsel tussen twee opinies? As יהוה God is, volg Hom, maar as Ba'al is, volg hom!” 1 Kon. 18:21 – PWL Vertaling

Beide die Torah- en Haftorah Skriflesing spreek die afgodery van Israel van ouds aan. Moses en Elia was beide profete wat hierdie afgodery van Israel gekonfronteer het. Onthou: Die bediening van die profeet was uitsluitlik om Israel te waarsku om afstand te doen van alle vorme van afgodery en terug te keer na Torah-gehoorsaamheid. Daarom sal daar ook in die laaste dae die profete wees wat sal kom in die gees van Elia:

Dink aan die Torah van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel – insettinge en verordeninge. Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van YHVH aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie. Mal. 4:4 tot 6.

Tydens die heerskappy van koning Agab en koningin Isebel het Israel se geestelike verval die punt bereik waar die profete van YHVH doodgemaak was (1 Kon. 18:4 en 13). Isebel was 'n Baäl-aanbidder wat gehoorsaamheid aan Torah wou uitwis. Daarom wou sy die profete, wat op daardie stadium die geestelike leiers van Israel was en die terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid verkondig het, uitroei. Daar was egter diegene, soos Obadja, wat bereid was om hulle lewens te waag deur die profete van YHVH te beskerm en te versorg (1 Kon. 18:4 en 13).

YHVH het egter vir die profeet Elia gesê om hom aan Agab te gaan vertoon, naamlik 'n openlike konfrontasie uit te lok (1 Kon. 18:1, 8, 11 en 15). Elia was bereid om tot die dood toe Torah-gehoorsam te wees!! Hy was 'n ware en vreeslose profeet wat verkies het om eerder gewelddadig te sterf as om ongehoorsam aan YHVH te wees. Dit is die kenmerk van diegene wat in die einde van tye sal kom in die gees van Elia om die *hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders*, naamlik 'n terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid.

In hulle ontmoeting het Agab vir Elia beskuldig as 'n *beroerder van Israel* (1 Kon. 18:17). Eli die spreekbuis van YHVH, wat terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid verkondig, word as 'n oproermaker (verwekker van onrus) uitgekryt! Klink dit bekend!! Is die hedendaagse aanklaer

nie dikwels die dominee en pastoor nie? Weergalm Eli se antwoord aan Agab (die dominee en pastoor) nie steeds in ons kerke vandag nie?

Ek het Israel (die gemeente) nie in beroering gebring nie, maar u en u familie, deurdat u die gebooi van YHVH verlaat het en agter die Baäls aan geloop het. 1 Kon. 18:18.

Elia is so seker van sy roeping as profeet dat hy 'n openbare konfrontasie afdwing in die teenwoordigheid van die hele Israel en 450 valsprofete van Baäl. Dit is op die punt wat hy vir Israel sê: *Hoe lank sal julle aarsel tussen twee opinies? As יהוה God is, volg Hom, maar as Ba'al is, volg hom!*" Dit herinner ons aan Yeshua se woorde in Matt. 6:24

Geen man kan vir twee meesters werk nie, want hy sal òf die een haat en van die ander een hou, òf hy sal getrou wees aan die eerste een en die ander een verwaarloos. Dit is nie moontlik om vir God én vir Mammon te werk nie! (PWL Vertaling).

Elia het Israel gekonfronteer met die keuse tussen die immorele sielsbevredigende Baälgodsdiens en 'n koninklike priesterdom van Torah-gehoorsaamheid. Israel kon nie volgens hulle eie keuse die twee vermeng nie, want YHVH is 'n jaloerse God (Ex. 20:5) en met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon dat ons alleenlik aan YHVH Yeshua getrou sal wees (Jak. 4:5). As bruid moet ons getrou wees aan die die Bruidegom.

Op 'n onteenseglike wyse het YHVH gedemonstreer dat Hy die Almagtige God is. Die Baälprofete het tot Baäl geroep vir vuur uit die hemel om hulle altaar aan die brand te steek, maar daar was geen antwoord of reaksie nie. Maar YHVH het vir Elia geantwoord!

Daarop het die vuur van YHVH neergeval en die brandoffer en die hout en die klippe en die stof verteer, ja, die water wat in die sloot was, opgelek. 1 Kon. 18:38

Alleenlik toe het Israel hulle keuse gemaak en op hul aangesigte geval en gesê: *YHVH, Hy is God* (1 Kon. 18:39)

Elkeen van ons moet soos Israel in die dae van Elia 'n keuse maak. So moes Israel na die gouekalf gebeure ook 'n keuse maak toe Moses aan die volk gesê het: *Wie vir YHVH is, kom na my toe* (Ex. 32:26). Elkeen is of vir God of teen Hom. Om selektief gehoorsaam aan YHVH te wees is 'n kruidenierstrollie-geloof, want jy kies dit wat jy van hou, of wat jou pas, of wat jy dink jy nodig het. Jy kies en glo jy doen YHVH se geregtigheid! Aangaande diegene het Yeshua gesê:

Ek ken jou dade, dat jy nie koud of warm is nie, want dit is nodig dat jy of koud sal wees, of warm en jy is lou en nie koud of warm nie. Ek gaan jou uit My mond uitspoeg, want jy sê: 'Ek is ryk en welvarend Hos 12:9 en het niks nodig nie' en jy verstaan nie dat jý siek, bejammeringswaardig, arm en kaal is nie. Ek beveel aan dat jy van My goud, wat deur vuur gesuiwer is, koop sodat jy voorspoedig kan word en wit klere sodat jy jou kan aantrek en die skande van jou kaalheid nie gewys word nie en oogsalf om jou te salf sodat jy kan sien. Open. 3:15 tot 18 - PWL Vertaling.

Ons moet tot geestelike volwassendheid groei sodat ons nie meer kinders sal *wees wat geskud word en gepla word deur elke wind van lering nie; deur die bedrog van mense, wat deur slinksheid beplan om te mislei nie, maar ons is standvastig in liefde, dat alles waarmee ons besig is, mag vermeerder in Die Gesalfde Een, wat die Hoof is en vanuit Hom is die hele liggaam inmeekaargepas en een gemaak by elke ligament, volgens die gawe wat elke ledemaat na mate ontvang het, vir die groei van Sy liggaam sodat Sy gebou in liefde voltooi kan word* (Efes. 4:14 tot 16 – PWL Vertaling).

Bepeins of Bespreek

1. Ons sien vandag beide die gees van Isebel en die gees van Elia werksaam in die wêreld. Die gees van Isebel manifesteer toenemend in regerings wat sekere uitsprake van YHWH, soos byvoorbeeld oor homoseksualisme, as haatspraak beskou. Vryheid van godsdienste word nou tot so 'n mate beskerm dat openlike Skriftuurlike standpunte ook as diskreminasie en haatspraak gereken word. Ons sien toenemend hoe regerings die beskermers en ondersteuners van afgodery, soos Islam, word. Maar ook die gees van Elia is in hierdie laaste dae waarneembaar. Die Messiaanse Ontwaking (Beweging) is hiervan bevestiging.
2. Is ons elkeen nie geroep om 'n Elia te wees nie? Hink jy op die gedagte om die rol te vervul of is vrees besig om jou te verhinder tot openlike konfrontasie?
3. Met verwysend na 1 Kon. 18:39 kan ons wel vra of Israel net deur die gebeure van die waarheid oortuig geword het en of hulle werklik tot bekering gekom het en terugkeer het na Torah-gehoorsaamheid? Was daar nie baie wat Yeshua bloot gevolg het vir dit wat hulle kon kry en gesien het nie en wie se geloof gebaseer was op wat hulle met hulle sintuie kon waarneem? Waar was die skares op die dag van Pinkster? Is daar nie 'n verskil tussen die wat in Yeshua geglo het (erkenning gegee het dat Hy die Messias is) en die wat Sy dissipels (studente volgelinge) was nie?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHWH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.